met flikkerende kerse, stringe blink kristalle en pêrels en wit rose versier die stylvolle, wit geklede tafels, met net plek-plek 'n koningsblou lint vir kleur. Feetjieliggies spinnerak romanties oral teen die grasdak en flonker vrolik.

Heel eerste sny hulle die unieke koek. Dis 'n toring kaneelrolletjies, Chantell se gunsteling, en die bruid huppel opgewonde nader op die maat van Steve Earle se The Galway Girl – baie spesiaal vir hulle.

Dié liedjie het hulle saam vir die eerste keer in die fliek P.S. I Love You gehoor, en toe hulle kort daarna in die Paasnaweek by Nature's Valley aan die Tuinroete gaan uitspan, het Adriaan dit vir sy blouoogmeisie op sy kitaar gespeel.

"Ek dink die eerste keer dat ek dit gespeel het, was sy mal daaroor, maar toe speel ek dit daai naweek so baie om my kitaarspel te oefen dat sy naderhand gewens het ek wil ophou," grinnik Adriaan.

Die gaste val solank weg aan 'n voorgereg van garnale en krapstokkies terwyl die vonkelwyn geskink word.

Koos, pa van die bruid, vertel vir die gaste hy kon sommer aan die begin van sy dogter en nuwe skoonseun se verhouding al sien hier kom 'n groot liefde.

Hy is ooglopend gek oor die stil, sterk en nederige rugbyspeler. "Adriaan is sensitief en kunssinnig, nogal 'n vreemde verpakking in 'n no. 2-trui," spot hy goedig voor hy sy glasie op die bruidspaar lig.

BO: Chantell se tante, Rinette van Heerden, het ses uur voor die stoof gestaan om al die springmielies vir die konfetti te maak.

'Ek het vrede in my hart dat ons ongelooflik gelukkig gaan wees'

"Ek is so bly jy het my gekies. Ek is ongelooflik lief vir jou en kan nie wag om saam met jou oud te word nie," sê Chantell, 'n vergoedingskonsultant, toe haar beurt agter die mikrofoon aanbreek.

"My engel, ek is baie lief vir jou en het vrede in my hart dat ons ongelooflik gelukkig gaan wees," antwoord Adriaan 'n ruk later.

Dan is dit tyd vir die buffet van gekrummelde hoenderborsies gevul met ham en mozzarella, gebraaide biefstuk, geglasuurde varkvleis en 'n verskeidenheid groentes en vars slaaie. En nadat die verleidelike soetgoed van hartvormige koffiewafels en mousse voorgesit is, steek al die gaste vonkstokkies aan en staan om die dansvloer sodat die bruidspaar hul eerste passies as man en vrou saam kan neem.

Adriaan draai en swaai sy bruid op die note van Snow Patrol se Just Say Yes, en toe die volgende liedjie begin, is daar baie voete op die dansvloer, want die groot makietie is nou in volle gang.

Die twee kuier tot ounag voor hulle vroeg-vroeg die volgende oggend in die pad moet val lughawe toe vir hul vlug na Mauritius.

Hulle sal 'n week lank by die luukse La Plantation-strandoord uitspan waar hulle kan swem, op waterponies rondkerjakker en selfs valskermseil.

En dan moet Adriaan terug werk toe, om hom voor te berei vir die komende Super15-seisoen.

Terwyl haar man hom besig hou met die dinge van 'n Cheetah, sal Chantell sorg dat hul nuwe huis op die Woodlands-wildlandgoed mooi ingerig word. "Ons hoop maar net die huis is klaar wanneer ons terugkom van ons wittebrood af, want ons het reeds ons ander huis verhuur en al ons meubels is in die nuwe motorhuis gepak. Anders weet ek sowaar nie waar ons gaan bly nie," sê Adriaan effens besorg.

Dis 'n bedrywige tyd wat voorlê, met Adriaan wat nog sy B.Rek.-graad deur Unisa wil klaarmaak voor die labradorkinders Thys en Molly dalk vorentoe pienkvoet-geselskap kry. □

ADRIAAN EN CHANTELL BEDANK: LECHWE LODGE (ONTHAALPLEK); LADY MARMALAIDE (TROUROK); DIAAN DANIELS (ADRIAAN SE PAK); CINNABON (TROUKOEK)

LINKS: Die tafelkleure was wit, silwer en koningsblou. NAASLINKS: Die bruidspaar en hul ouers in die kerk. Van links is Willem en Franette Strauss, Adriaan en Chantell, Lynda en Koos van Heerden en Chantell se ouma Rita van Heerden.

LINKS: Chantell en Adriaan maak 'n draai op die dansvloer. Haar vloeiende rok is van Demetrios by Lady Marmelaide. NAASLINKS: Die troukoek was van kaneelrolletjies gemaak.